Skitter Akademie

Die regte keuse vir jou kind!

082 250 6312

skitter.akademie@gmail.com

Marks laan 5,
Farrarpark, Boksburg

www.skitterakademie.com

2021

SKITTER AKADEMIE
KLEUTERSKOOL EN NASKOOL

BELANGRIKE INLIGTING

1. **Inskrywingsvorm:**

   Alle dokumentasie moet jaarliks volledig voltooi word. Inskrywingsvorms moet deur die geboortesertifikaat asook 'n immuniseringsertifikaat vergesel wees. Oorspronklike inskrywingsvorms moet by u kind se klas onderwyseres ingehandig word.

2. **Kansellasie van ooreenkoms:**

   Kansellasie kan slegs geskied met 'n maand se skriftelike kennisgewing. Alle agterstallige skoolgelde betaalbaar insluitende die laaste maand wat die baba/kleuter die skool bywoon.

   Na die 1ste Oktober van die jaar moet 3 maande kennis gegee word. Kinders sal nie in aanmerking kom vir klasplasings indien alle skoolgeld nie ten volle betaal is teen 5 Desember nie.

3. **Skoolkwartale:**

   Skitter Akademie val binne die kwartaalindeling van die Gauteng se Onderwys Departement. Ons is gesluit tydens openbare- en enkele skoolvakansie dae. Ons is wel oop gedurende die skoolvakansies. Skitter Akademie open 6 Januarie 2021 en sluit 15 Desember 2021.

   Skitter Akademie is gesluit 2 April 2021.

4. **Registrasiegelde:**

   Registrasie gelde is R980 vir ons kleuters(2-6jr) en R200 vir ons babaklas(0-1jr). Indien u deur die loop van die jaar registreer is 50% van die registrasie fooi is betaalbaar om u kind se plek in Skitter te verseker. Die uitstaande 50% is betaalbaar voor of op 5 Januarie 2021.

   Die registrasie gelde is nie terugbetaalbaar indien u in 2021 nie meer Skitter Akademie sal bywoon nie.

   Stel Skitter Akademie asseblief in kennis indien enige van u persoonlike inligting verander.

5. **Verjaarsdae:**

   Elke klas se reëlings verskil. Reël asseblief met u kind se onderwyseres.

6. **Etes:**

   Skitter Akademie verskaf geen etes nie. Die kleuter kan wel hulle ontbyt tussen 07:30 en 08:30 by die skool eet, stuur net ontbyt kos saam. Daar moet twee peusel happie kosblikke ingepak word vir deur die dag. Ouers moet ook middagete in pak vir Naskool leerlinge.

7. **Ongesteldheid:**

Skitter Akademie versoek ouers om babas of kleuters wat ongesteld is by die huis te hou. Stel asseblief die Juffrou in kennis van u kind se afwesigheid, asook sy siektetoestand. Kleuters wat ongesteld raak by die skool moet asseblief so gou moontlik, nadat die onderwyser u gekontak het, opgelaai word.

8. **Aankoms:**

Die peuters en kleuters se formele onderrig program begin om 08:30. Dus mag geen kleuter na 08:30 by die skool afgelaai word, indien 'n reëling getref is met Me. Botha nie. Indien u kleuter by ons ontbyt eet moet hy/sy reeds 07:30 by die skool wees, omdat ons akademiese program stiptelik 08:30 begin.

Alle vroeg Skitter Akademie leerlinge wat in ons 3jaar, 4jaar, 5jaar en Gr R klas is, se tassies word in hulle klasse geplaas waarna hulle dan na die groenklas beweeg. Al ons 1jaar en 2jaar maats meld in die Rooi klas aan. Leerlinge wat van 07:30 by die skool kom meld direk by hulle onderskeie klassies aan. **Gebruik asselief elke klas se eie ingang.**

Ons versoek dat u die afsien tyd asseblief kort sal hou, hoe langer u kuier hoe moeiliker is dit vir u kleuter om afskeid te neem.

Hekke word stiptelik 08:30 toegemaak vir veiligheids redes. Tref asseblief 'n reëling indien u laat gaan wees.

9. **Vertrek tye:**

Die hekke sal eers 12:30 oop maak. Leerlinge word op die speelgrond by die Oranje klas afgehaal, gebruik asseblief die deurgang langs die klein parkie. Indien u, u kind voor 12:30 kom afhaal tref 'n reëling met u kind se klas onderwyseres.

10. **Kleredrag:**

Somersdrag:
Gemaklike, gemerkte klere en skoene saam met die Skitter Akademie hempies vir Maandae tot Vrydae word gedra.

Wintersdrag:
Gemaklike, gemerkte klere en skoene saam met die Skitter Akademie hempies vir Maandae tot Vrydae word gedra, u kan enige langmou hempie onder aantrek. Ons dra ook ons Skitter Akademie baadjies in die winter. Daar is 'n addisionele sweetpak top vir u keuse indien u dit wil bestel.

Die leerlinge se klere moet self deur die ouers bestel word by G-Square design.

Weereens word daar versoek dat u asseblief u kind se kleredrag sal merk, van kouse tot hoede...

G-Square Design
Cindy Rabe cindyrabe3@gmail.com
082 616 9195

Alle betalings word direk aan G-Square Design gemaak omdat Skitter Akademie geen wins maak nie en ons vir u as ouers die beste prys wil bied.

G-Square
Bestel vorm

Naam en van ouers:		Kontak nommer:	
Naam en van leerling:		Moet leerling se naam op label geprint word?	JA / NEE (Omkring)

Merk asseblief wat u wil bestel.

Hemde pakket (Maandag tot Vrydag) (5 hempies)		R460	Grootte	2-3 (Omkring)	3-4	5-6	7-8	9-10
Maandag hempie		R95	Grootte	2-3 (Omkring)	3-4	5-6	7-8	9-10
Dinsdag hempie		R95	Grootte	2-3 (Omkring)	3-4	5-6	7-8	9-10
Woensdag hempie		R95	Grootte	2-3 (Omkring)	3-4	5-6	7-8	9-10
Donderdag hempie		R95	Grootte	2-3 (Omkring)	3-4	5-6	7-8	9-10
Vrydag hempie		R95	Grootte	2-3 (Omkring)	3-4	5-6	7-8	9-10
Winter skoolbaadjie		R250	Grootte	2-3 (Omkring)	3-4	5-6	7-8	9-10
Sweetpak top		R180	Grootte	2-3 (Omkring)	3-4	5-6	7-8	9-10
Adissionele notas:								

Die pryse is geldig vir 2020, 'n hersiene prys kan van 1 Januarie 2021 gevra word.

Totale bedrag:	R

Heg asseblief die bewys van betaling aan en stuur na cindyrabe3@gmail.com

Banking details:

Cindy Rabe
ABSA Cheque account
Acc nr. 4076754316
Branch Code 632005
Reference: PO309

11. Benodighede:

ALLE BENODIGHEDE MOET ASSEBLIEF GEMERK WORD

3-12 Maande
Melkformule, doeke, kos, bottels, salf, kombersie, fopspeen, sap en "wet wipes". 'n Skoon bottel moet ook ingepak word. Kombersies word elke week huis toe geneem en gewas.

13 Maande – 2 jaar

Doeke/onderbroekies, bottel, kussing, kosblik, ekstra stel klere, hoed, "wet wipes", salfies en sonbrandroom.

2-6 Jaar
Ekstra stel klere, kosblik, hoed en sonbrandroom.

12. Ekstra kurrikulere aktiwiteite en opvoedkundige dienste:

Opvoedkundige dienste soos arbeids-, spraak- en fisioterapie is beskikbaar per reëling op Skitter Akademie se perseel.

Alhoewel Skitter Akademie 'n alles in een kurrikulum het is, en reeds van 'n Sport- en Musiekprogram beskik, is u as ouer welkom om u kind by die uitgesoekte buitemuurse aktiwiteite in te skryf.

Sport: Phyzz Ed Sportz
Rugby
Krieket
Netbal
Hokkie
Atletiek
Coach Lehan
info@phyzzed.co.za
www.phyzzed.co.za

Drama: Kyrio Kids
Michelle
076 861 0735

Dans: Dance Mouse
Stacy Bosman
072 303 7611
boksburg@dancemouse.co.za
www.dancemouse.co.za

Ballet: Dance Core
Amanda Reynolds
082 619 2412
dance.core@yahoo.com

Musiek: Music Minds
Marlene Schalkwyk - Meyer
084 840 0205
marlene.musicminds@gmail.com

13. Snoepie Boepie

Alle Snoepie Boepie gelde word slegs per kontant betaal. Dit beloop R50 per maand vir 11 maande van die jaar. U is welkom om 'n eenmalige bedrag van R550 vir die jaar by die skool kantoor te betaal, weereens **slegs kontant**. U kind ontvang dan elke Vrydag 'n koeldrank, lekkerny en 'n pakkie skyfies. Die week se lekkerbek program is ook ingesluit by die Snoepie geldjie.

14. Verrassings dag

Daar sal vir die kleuters 'n spesiale verrassing by die skool wag elke dag van die week. Dit is ingesluit by kind se Snoepie Boepie geld.

15. Kommunikasie:

Skitter Akademie het 'n oop kommunikasie beleid. Ons nooi u as ouer uit om saam met u kind sy ontwikkelings reis te stap.

Ons maak gebruik van die toevoegsel "Class Dojo" en oueraande vir terugvoering aan ouers.

Daar word vereis dat "Class Dojo" op ouers se slim fone of tablette geïnstalleer word, omdat daaglikse kommunikasie geskied deur middel van "Class Dojo". U kan gerus deur die loop van die week " Class Dojo" dophou vir foto's asook weeklikse gebeure en temas.

16. Koste uiteensetting:

Kleuterskool:
2jaar, 3jaar, 4jaar, 5jaar en Gr R
Registrasie - R980
Maandelikse fooi – R1800

Dit wil sê dat die eerste maand by Skitter Akademie 'n bedrag van R2780 betaalbaar is. Daarna is dit R1800 per maand.

Kleuter naskool:
Registrasie – Geen
Maandelikse fooi – R700

Dit wil sê dat die eerste maand by Skitter Akademie 'n bedrag van R3480 betaalbaar is wat u kleuterskool registrasie, kleuterskool halfdag fooi en kleuter naskool fooi insluit.
Daarna is dit R2500 per maand.

Baba klas:
Registrasie – R200
Maandelikse fooi – R2200
Halfdag en vol dag fooie is dieselfde

Dit wil sê dat die eerste maand by Skitter Akademie 'n bedrag van R2400 betaalbaar is. Daarna is dit R2200 per maand.

Naskool vir laerskool kinders:
Registrasie – R200
Maandelikse fooi – R1050

Dit wil sê dat die eerste maand by Skitter Akademie 'n bedrag van R1250 betaalbaar is. Daarna is dit R1050 per maand.

Skitter Akademie
Addisionele gelde 2020

Snoepie Boepie vanaf 3jr klassie:

R50 per maand vir 11 maande of eenmalige bedrag van R550.

Instappies vanaf 2jr klassie:

R60 per kwartaal of eenmalige bedrag van R240.

Vakansie program:

Kleuters se deelname aan die vakansie program is gratis.

Konsert:

Deelnemers fooi:	R300
Kaartjies:	R80 per sitplek

Konsert geld is eers vanaf 1 September 2021 betaalbaar.

Skooldrag en buitemuurse aktiwiteite:

Alle skooldrag en buitemuurse aktiwiteite se gelde word direk aan die verskaffers betaal, omdat Skitter Akademie geen wins maak nie en ons vir u as ouers die beste pryse wil bied.

Entrepeneurs:

U kind se deelname aan die weeklikse entrepeneurs is gratis.

Bak en brou:

U kind se deelname aan die weeklikse Bak en Brou is gratis.

Slegs kontant inbetalings vir alle addisionele gelde word aanvaar.
Geen elektroniese inbetalings word aanvaar nie.

Bankbesonderhede:
Skitter Akademie
FNB – Tjek Rek (627 546 576 52)
Tak kode – 250 655
Verwysing – Kind se Naam en Van

Teken asseblief die onderstaande en stuur terug saam met u inskrywingsvorm.

Ek as ouer/voog van _____ in die blou/groen/rooi/geel klas aanvaar die terme en voorwaardes soos kortliks beskryf in die skrywe.

_____ _____

Handtekening Vader/Voog Handtekening Moeder/Voog

Datum: _____

Skoollied

Ek is 'n Skitter Akademie maatjie
en ek is kosbaar vir GOD.
My skool is my trots
en my Juffrou is my rots.
Hier waar ons speel en groei
leer ons om met liefde te deel.
Lees skryf en tel...
AKADEMIE word eerste gestel.
Hier is ons gelukkig en hier wil ons bly!

Skitter Akademie die regte plek vir my!!